**Dinsdag 5 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34; HK Sondag 9, Antwoord 26**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:13**

## Geloofsekerheid vir nou en hiernamaals

Ons leef in 'n wêreld wat in verskeie opsigte baie onseker is. Ons weet nie eers wat môre of oormôre met ons sal gebeur nie. Tog wil ons Vader hê dat ons in hierdie onsekere wêreld sekerheid moet hê – sekerheid dat Hy na liggaam en siel vir ons sal sorg. Dit beteken dat ons seker moet wees dat Hy vir ons sal sorg vir hierdie aardse lewe, maar ook vir ons lewe ná die dood.

Dat Hy beslis en seker vir ons vir hierdie aardse lewe sal sorg, toon Christus duidelik aan in Matteus 6:26-34. Daarom moet ons ons nie bekommer oor ons aardse behoeftes, soos kos en klere en dergelike sake nie. Ons moet vas glo dat ons Vader vir ons sal sorg. Dit beteken nie dat ons in luiheid moet verval en niks moet doen nie, en dan tog verwag dat die Here vir ons sal sorg nie. Dan verwys Hy ons baie gou na die hardwerkende mier (Spr. 6:6). Nee, ons moet ons roeping getrou vervul (Gen. 1:28) en dan glo dat die Here in ons behoeftes sal voorsien (Ps. 37:5). Die geloof dat die Here vir ons sal sorg, beteken ook nie dat ons nooit krisisse en probleme sal ervaar nie. Daar mag groot beproewings en skokke op ons pad kom. Ons moet egter glo dat die Here ons ook dan sal bystaan en volgens sy belofte nie sal toelaat dat ons bo ons kragte versoek word nie (1 Kor. 10:13).

Ons moet ook nie net seker wees dat die Here vir ons in ons aardse lewe sal sorg nie, maar ook dat ons deel het en nog verder sal deel kry aan die ewige lewe. Daarvan verseker die Here ons as Hy deur Johannes aan ons sê: "*Hierdie brief skrywe ek vir julle sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun glo*" (1 Joh. 5:13). Hieruit is dit duidelik dat die Here wil hê dat ons deur die geloof seker moet wees dat ons deel het aan die ewige lewe wat Christus vir ons verwerf het. Ons kan dit nog sterker stel en sê dat die Here dit van ons eis. Dit is belangrik om dit te beklemtoon, want daar was in die verlede mense wat van oordeel was dat dit goed en selfs wenslik is om aan jou ewige saligheid te twyfel. In die Skrif word twyfel by die gelowige egter skerp veroordeel (Jak. 1:6-8). Dit is ook te verstane, want twyfel beteken dat ons God nie ten volle vertrou dat Hy sal doen wat Hy in sy Woord sê nie. Hoe kry ek sekerheid dat ook ek aan die ewige lewe deel het? Johannes sê dat ons dit kry deur in die Seun van God te glo. As ons in die Seun van God glo, kan ons hier en nou met volle sekerheid weet dat ons nou al deel het aan die ewige lewe en dat ons dit in volle heerlikheid sal verkry ná ons dood en by die wederkoms van die Here.